

Altyd in die beskutting van die HERE

Hierdie is 'n baie besondere Psalm, want dit het nie soos die ander Psalms 'n Hebreeuse opskrif nie. Die digter sê dit ook so treffend dat die Here sy bevryder is vanaf die moederskoot, en van toe af al dra hy die lof van die Here. Christus sê dan: “Laat julle kinders tot My nader en verhinder hulle nie.”

Dis dan ook nie sonder rede dat die digter sê dat hy by die Here skuil nie. Die Here verberg hom van die hand van die geweldenaar wat hom onreg wil aandoen (vs 4). Hy het die vrymoedigheid om te sê dat hy by die Here sy hele lewe lank wegkruip. As dinge soms vir die digter te veel word, so as wat ons ook die ervaring het, is daar net EEN pad oop, en dit is na die Here toe wat vir hom 'n rots is om in te woon, waar hy gedurig kan ingaan. Ons kan mos te enige tyd bid op enige plek, want onse God is alomteenwoordig. Daarom dat die digter sê: “... laat my nooit beskaamd staan nie.” As die beproewinge ons toesak, dat dit voel of daar geen hulp of uitkoms is nie, is daar tog by die Here lig en leiding en genade, en so gaan die donker uur dan om.

Daar is maar EEN HULP wat nooit beswyk nie, wat jou nooit begewe of verlaat nie. In “die Here kan ek bly wees met die wat bly is en kan ek treur met die wat treur”. As die lewensjare klim en die kruis van die ouderdom begin my buig en die pyne skaaf en knaag aan die diepste van my menswees, sal die Here my nie verstoot of verlaat nie. By God is daar altyd plek vir my. Hoe heerlik juig Psalm 68 soos deur Totius in vers 9 berym: “Hy kan en wil en sal in nood, selfs as ons sidder vir die dood, volkome uitkoms gewee.” Van die moederskoot af tot voor God se troon sal ek in die Here woon. Met Christus se opstanding is die dood verslind in die oorwinning: 'n lewe in die Here.

Sing: Psalm 68:8 (1936)

Ds Andries H Mulder (Emeritus)